Die African National Congress, African Resistance Movement en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party is onderskeidelik by Proklamasies Nrs. 119 van 1960, R242 van 1964 en R. 38 van 1966 tot onwettige organisasies verklaar. Luidens artikel 3(1)(b) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950) gelees tesame met artikel twee van die Wet op Onwettige Organisasies, 1960 (Wet No. 34 van 1960) gaan al die eiendom van sulke onwettige organisasies op 'n persoon aangestel as Beredderaar van die organisasies se bates oor, en die Beredderaar vergewis hom of die bates van die organisasies voldoende is om die skulde daarvan te betaal. Indien daar voldoende bates is, tref die Beredderaar alle maatreëls om die skuld te vereffen en indien daar enige oorskot is nadat die skulde vereffen is, word dit oorbetaal aan een of meer liefdadigheids- of wetenskaplike organisasies deur my aangewys.

By wyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant van 23 September 1966 is aan enige persoon wat 'n eis teen enige van bogenoemde organisasies het, 'n geleentheid gegun om sy eis by die Beredderaar in te dien. Geen eise is ontvang nie en daar kan dus nou oor die geld beskik word soos deur die Wet voorgeskryf. 'n Bedrag van R1270.76 is betrokke.

Daar is 'n legio van verdienstelike organisasies aan wie die geld oorbetaal kan word. Om egter te bepaal watter organisasies die verdienstelikste is, is 'n onbegonne taak. Ook sal dit 'n uiters moeilike taak wees om 'n basis te vind waarvolgens die beskikbare geld verdeel kan word.

Die gedagte het vervolgens ontstaan om die organisasies se bates teen hulself en ander soortgelyke organisasies aan te wend. Die Staat is ten volle op die hoogte van sodanige organisasies se bedrywighede maar dit geld ongelukkig nie vir die algemene publiek nie. Hierdie toedrag van sake is klaarblyklik nie gesond nie aangesien ons stryd teen ondermynende elemente gemeenskaplik van aard is en die volk dus ook sy deel moet

2/...

bydra. Gevolglik is dit wenslik dat die publiek deur publikasies of andersins beter ingelig word. Sulke publikasies kan ook van groot nut wees in ons pogings om die ware feite onder die aandag van persone in die buiteland te bring.

In die omstandighede het ek besluit dat die beskikbare geld aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, 'n wetenskaplike organisasie, oorbetaal moet word met die voorbehoud dat dit aangewend word vir navorsing op die gebied van ondermynende organisasies in die Republiek.

UITGEREIK DEUR:

DEPARTEMENT VAN INLIGTING,
PRETORIA.

8.12.66

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

2/2/1.

PER HAND.

15 -12- 1966

Die Sekretaris van Onderwys,
Kuns en Wetenskap,
PRETORIA.

INSAKE : BATES VAN ONWETTIGE ORGANISASIES : AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

In opvolging van Sy Edele die Minister van Justisie se besluit dat die bates van die bogenoemde organisasies aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing oorbetaal moet word met die voorbehoud dat dit alleen gebruik word vir navorsing op die gebied van ondermynende organisasies in die Republiek, stuur ek u hiermee skatkisorder No. R.62191 ten bedrae van R1270-74 vir oorhandiging aan die Raad.

Afskrifte, in Engels en Afrikaans, van die Persverklaring deur Sy Edele die Minister is ook hierby aangeheg.

Geliewe ontvangs te erken.

G. M. J. SWART

SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

2/2/9

2/2/9

DIE TRANSVALER, VRYDAG 9 DESEMBER 1966

*Organisasies ,betaal' self*

# Ondersoek na verbode liggame

**Van Ons Politieke Beriggewer**

PRETORIA.

DIE Regering het besluit dat navorsing oor ondermynende organisasies in die Republiek gedoen moet word. Die ironie van die saak is dat die geld wat daarvoor aangewend gaan word, van die organisasies self kom!

Mnr. P. C. Pelser, Minister van Justisie, het gister gesê volgens bestaande wette gaan die eiendom van 'n verbode organisasie oor na iemand wat aangestel word as beredderaar van die organisasies se bates. Die beredderaar vergewis hom of die bates van die organisasie voldoende is om die skuld daarvan te betaal.

As daar voldoende bates is, tref die beredderaar maatreëls om die skuld te vereffen, en as daar oorskot is, word dit betaal aan een of meer liefdadigheids- of wetenskaplike organisasies wat deur die Minister van Justisie aangewys word.

## Eis

Mnr. Pelser het gesê op 23 September het 'n kennisgewing in die Staatskoerant verskyn waardeur geleentheid gegee is aan enigiemand wat 'n eis teen drie verbode organisasies — die African National Congress, die African Resistance Movement en die Suid-Afrikaanse Kommuniste-party het — om dit by die beredderaar in te dien.

Geen eise is ontvang nie en hy kan dus nou oor die geld beskik word soos die wet voorskryf. 'n Bedrag van R1,270.76 is betrokke.

Daar is baie verdienstelike organisasies aan wie die geld betaal kan word. Dit is egter 'n moeilike taak om te bepaal watter organisasie die verdienstelikste is, of om 'n grondslag te vind waarvolgens die beskikbare geld verdeel kan word.

Die gedagte het vervolgens ontstaan om die betrokke verbode organisasies se bates teen hulleself en ander soortgelyke organisasies aan te wend.

## Publiek

Die Staat is ten volle op die hoogte van sodanige organisasies se bedrywighede, maar dit geld ongelukkig nie die algemene publiek nie. Hierdie toedrag van sake is klaarblyklik nie gesond nie, aangesien ons stryd teen ondermynende elemente gemeenskaplik van aard is, en die volk dus sy deel ook moet bydra.

Dit is gevolglik wenslik dat die publiek deur publikasies of andersins beter ingelig word. Sulke publikasies kan ook van groot nut wees in ons pogings om die ware feite onder die aandag van mense in die buiteland te bring.

Mnr. Pelser het gesê dat hy in die omstandighede besluit het om die beskikbare geld aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing te betaal met die voorbehoud dat dit aangewend word vir navorsing oor ondermynende organisasies in die Republiek.

## TEVERGEEFS

[illegible]-BERLYN. — Paul [illegible]er (100) wat op [illegible] November met sy 70-jarige skoon[illegible] hier getrou het, het 17 [illegible]ter gesterf, is gister hier [illegible]ondig. — (Sapa-R.)

2/2/1

- 8 -12- 1966

PER HAND.

Die Sekretaris van Inligting,
PRETORIA.

Insake: BATES VAN ONWETTIGE ORGANISASIES: AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

Vier afskrifte in Engels en drie afskrifte in Afrikaans van 'n persverklaring deur sy Edele die Minister van Justisie is hierby aangeheg vir onmiddellike vrystelling asseblief.

C. P. J. COETZEE
SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

7/12/66
7.12.66

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

**PRESS STATEMENT BY THE HONOURABLE THE MINISTER OF JUSTICE - MR. P.C. PELSER.**

**FOR IMMEDIATE RELEASE.**

The African National Congress, African Resistance Movement and the South African Communist Party were by Proclamations Nos. 119 of 1960, R242 of 1964 and R38 of 1966, respectively, declared unlawful organizations. In terms of section 3(1)(b) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), read with section two of the Unlawful Organizations Act, 1960 (Act No. 34 of 1960), all property held by such organizations shall vest in a person designated as the Liquidator of the assets of such unlawful organizations and the Liquidator must satisfy himself as to the adequacy of the assets to pay the debts of the organizations. If the assets are adequate, the Liquidator pays the debts which have been proved to his satisfaction and any balance remaining after the debts have been paid must be distributed to one or more charitable or scientific organizations designated by me.

By way of a notice in the Government Gazette of the 23rd September, 1966, any person having a claim against any of the abovementioned unlawful organizations, was afforded an opportunity to submit his claim to the Liquidator. No claims were received and the money may now be disposed of as prescribed by law. An amount of R1270 is/ involved.

There are a large number of deserving organizations to which the money can be paid. It is, however, impossible to decide which organizations are the most deserving. It is also very difficult to find a basis for the distribution of the available funds.

/2...

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

The thought has therefore arisen to use the assets of these unlawful organizations against themselves and other similar organizations. The State is fully aware of the activities of such organizations, but, unfortunately, this does not apply to the general public. This state of affairs is obviously not sound as our struggle against subversive elements is of a mutual nature and it is thus also incumbent on the nation as a whole to do its share. Consequently it is advisable that the public, through publications or otherwise, be better informed. Such publications may also be of great use in our attempts to present the true facts to persons overseas.

In the circumstances I have decided that the available money should be paid over to the National Council for Social Research, a scientific organization. This grant is subject to the condition that it must be used for research in the field of subversive organizations in the Republic.

RELEASED BY:

DEPARTMENT OF INFORMATION,
PRETORIA.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

**PERSVERKLARING DEUR SY EDELE DIE MINISTER VAN JUSTISIE - MNR. P.C. PELSER.**

**VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING.**

Die African National Congress, African Resistance Movement en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party is onderskeidelik by Proklamasies Nrs. 119 van 1960, R.242 van 1964 en R.38 van 1966 tot onwettige organisasies verklaar. Luidens artikel 3(1)(b) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950) gelees tesame met artikel twee van die Wet op Onwettige Organisasies, 1960 (Wet No. 34 van 1960) gaan al die eiendom van sulke onwettige organisasies op 'n persoon aangestel as Beredderaar van die organisasies se bates oor, en die Beredderaar vergewis hom of die bates van die organisasies voldoende is om die skulde daarvan te betaal. Indien daar voldoende bates is, tref die Beredderaar alle maatreëls om die skuld te vereffen en indien daar enige oorskot is nadat die skulde vereffen is, word dit oorbetaal aan een of meer liefdadigheids- of wetenskaplike organisasies deur my aangewys.

By wyse van 'n kennisgewing in die Staatskoerant van 23 September 1966 is aan enige persoon wat 'n eis teen enige van bogenoemde organisasies het, 'n geleentheid gegun om sy eis by die Beredderaar in te dien. Geen eise is ontvang nie en daar kan dus nou oor die geld beskik word soos deur die Wet voorgeskryf. 'n Bedrag van R1270.76 is betrokke.

Daar is 'n legio van verdienstelike organisasies aan wie die geld oorbetaal kan word. Om egter te bepaal watter organisasies die verdienstelikste is, is 'n onbegonne taak. Ook sal dit 'n uiters moeilike taak wees om 'n basis te vind waarvolgens die beskikbare geld verdeel kan word.

/2...

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

Die gedagte het vervolgens ontstaan om die organisasies se bates teen hulself en ander soortgelyke organisasies aan te wend. Die Staat is ten volle op die hoogte van sodanige organisasies se bedrywighede maar dit geld ongelukkig nie vir die algemene publiek nie. Hierdie toedrag van sake is klaarblyklik nie gesond nie aangesien ons stryd teen ondermynende elemente gemeenskaplik van aard is en die volk dus ook sy deel moet bydra. Gevolglik is dit wenslik dat die publiek deur publikasies of andersins beter ingelig word. Sulke publikasies kan ook van groot nut wees in ons pogings om die ware feite onder die aandag van persone in die buiteland te bring.

In die omstandighede het ek besluit dat die beskikbare geld aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, 'n wetenskaplike organisasie, oorbetaal moet word met die voorbehoud dat dit aangewend word vir navorsing op die gebied van ondermynende organisasies in die Republiek.

UITGEREIK DEUR:

DEPARTEMENT VAN INLIGTING,
PRETORIA.

DECLASSIFIED

GEHEIM. 2/2/1

DIE SEKRETARIS/MINISTER.

BATES VAN ONWETTIGE ORGANISASIES: AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

1. Die Minister het aangedui dat 'n bedrag van R1270.74 wat aan bogenoemde onwettige organisasies behoort het en tans in besit van die Beredderaar is, aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing oorbetaal moet word. (Memo onmiddellik hieronder). Die Minister verlang dat 'n persverklaring in die verband, vir goedkeuring en vrylating aan hom voorgelê word. (26.11.1966).

2. Die nodige persverklaring (Afrikaans en Engels) is opgestel en in die omslag geplaas vir goedkeuring deur die Minister asseblief, indien hy saamstem.

30/11/66
1/12/66
5.12.66
6.12.66.
7.12.66

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
8 -12-1966
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

DIE SEKRETARIS.

Persverklaring goedgekeur / ~~nie goedgekeur nie.~~

MINISTER.

7/12/66

MINISTER VAN JUSTISIE EN ...
7 -12-1966
MINISTER OF ...

DECLASSIFIED

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DECLASSIFIED

GEHEIM. 2/2/1.

MINISTER VAN JUSTISIE EN ... ANGENIC ...
22 -11- 1966
MINISTER OF JUSTICE AND ...

DIE SEKRETARIS/MINISTER.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
28-11-1966
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

BATES VAN ONWETTIGE ORGANISASIES: AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

1. Die Beredderaar van die bates van die bogemelde organisasies het tans 'n totale bedrag van R1270-74 wat aan die organisasies behoort het in sy besit, en dit kan nou ingevolge artikel 4(3) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), aan een of meer liefdadigheids- of wetenskaplike organisasies deur die Minister aangewys, oorbetaal word. (Memo onmiddellik hier-onder).

2. Daar is 'n legio van verdienstelike organisasies waaraan die geld oorbetaal kan word. Om egter te bepaal watter organisasie die verdienstelikste is, is 'n onbegonne taak. Ook sal dit 'n uiters moeilike taak wees om 'n basis te vind waarvolgens die beskikbare geld verdeel kan word. (Dit is die eerste maal dat die vraag ontstaan en daar bestaan dus geen presedent nie).

3. Die Departement is van oordeel dat dit nie onvanpas sal wees nie as die geld aangewend kan word vir navorsing op die gebied van ondermynende organisasies in die Republiek.

4. Die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing is 'n staatsinstelling en ressorteer onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. ~~Dit~~ Hy ontvang sy fondse hoofsaaklik uit die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap se begroting, maar skenkings van private individue en organisasies word ook ontvang. Die Raad sien toe dat enige voorwaarde aan so 'n skenking streng nagekom word. Alle toekennings deur die Raad bewillig is onderhewig aan goedkeuring deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Indien die beskikbare geld aan hierdie Raad oorbetaal word, kan die voorwaarde gestel word dat dit slegs aangewend word vir

DECLASSIFIED

/2...

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DECLASSIFIED

navorsing op die gebied van ondermynende organisasies in die Republiek. Dit word derhalwe aanbeveel dat die Minister goedkeur dat die bedrag in paragraaf 1 hierbo genoem aan die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing oorbetaal word met die voorbehoud dat dit alleen gebruik word vir navorsing op die gebied van ondermynende organisasies in die Republiek. Die voorstel is met die Hoof van die Raad bespreek en hy onderskryf dit. Die Raad sal ons vanselfsprekend op hoogte van sake hou as die voorstel deurgevoer word.

21.11.66

2.11.66.

21.11.66

21.11:66

DIE SEKRETARIS.

Voorstel in paragraaf 3 GOEDGEKEUR / ~~NIE GOEDGEKEUR NIE~~.

MINISTER.

26/11/66

Sekretaris

Lê ook in persverklaring voor vir goedkeuring en vrystelling

26/11/66

(1) [illegible]
Sekr.
A/S(R) [illegible]
~~A/S(K)~~ 28.11.66.
(2) Persverklaring sal [illegible]
[illegible] R/K [illegible]
28/11/66

DECLASSIFIED

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DECLASSIFIED

GEHEIM. 2/2/1.

DIE SEKRETARIS/MINISTER.

BATES VAN ONWETTIGE ORGANISASIES : AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

1. Die African National Congress, African Resistance Movement en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party is by Proklamasies Nrs. 119 van 1960, R.242 van 1964 en R.38 van 1966 tot onwettige organisasies verklaar. Luidens artikel 3(1)(b) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), gelees met artikel twee van die Wet op Onwettige Organisasies, 1960 (Wet No. 34 van 1960), gaan al die eiendom van sulke organisasies op 'n persoon aangestel as Beredderaar oor, en die Beredderaar vergewis hom of die bates van die onwettige organisasies voldoende is om die skulde daarvan te betaal (artikel 4(1)). Indien daar voldoende bates is tref die Beredderaar alle maatreëls om die skuld te vereffen (artikel 4(2)) en indien daar enige oorskot is nadat die skulde vereffen is, word dit oorbetaal aan een of meer liefdadigheids- of wetenskaplike organisasies deur die Minister aangewys. (Artikel 4(3)).

2. 'n Bedrag van R1270-74, wat aan genoemde onwettige organisasies behoort het, is tans in besit van die Beredderaar. 'n Bedrag van R100.20 het aan die A.N.C., R130.90 aan die A.R.M. en R1039-64 aan die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party behoort.

3. Luidens 'n kennisgewing in die Staatskoerant is aan enige persoon wat 'n eis teen enige van bogenoemde organisasies het, 'n geleentheid gegun om sy eis by die

DECLASSIFIED /2...

DECLASSIFIED

Beredderaar in te dien. (23.9.1966). Geen eise is egter ontvang nie. Die gelde kan dus nou oorbetaal word aan een of meer liefdadigheids- of wetenskaplike organisasies wat deur die Minister aangewys moet word.

4. Voorgelê vir die Minister se opdrag.

25/1/66.

DECLASSIFIED

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DAGBREEK EN SONDAGNUUS, 16 OKTOBER 1966 Seks

## GEEN EISE ONTVANG NA KENNISGEWING ● DEEL VAN FONDSE UIT MOSKOU, ROOI SJINA

# S.A. Kommuniste-geld Vir Liefdadigheid

**BATES van verbode politieke organisasies, onder meer die African National Congress en die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty, wat tans deur 'n Staatsberedderaar in trust gehou word, kan moontlik hierdie week deur die Regering aan openbare liggame of inrigtings geskenk word.**

Baie van die geld, indien nie alles nie, het via Londen uit Rooi Sjina en Moskou na Suid-Afrika gevloei.

Die besluit om geld wat vir ondermyning bedoel was nuttig aan te wend, sal waarskynlik deur die Minister van Justisie geneem word nadat geen eise ontvang is teen die bates van verbode organisasies nie. Dié organisasies is die A.N.C., Pan Africanist Congress, Congress of Democrats, African Resistance Movement en die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty.

**Kragtens 'n kennisgewing in die Staatskoerant is aan die eisers 21 dae grasie gegee om eise in te dien. Dié tydperk het Vrydag verstryk. Dit is duidelik dat enige persoon wat van die geld sou gëeis het, hom of haar regstreeks of onregstreeks met een van die organisasies sou vereenselwig het.**

Volgens die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme kan die Minister nou besluit wat met die bates van die organisasies gemaak moet word.

Dagbreek is meegedeel dat die geld waarskynlik aan opvoedkundige-, wetenskaplike- of liefdadigheidsinrigtings geskenk sal word.

Mnr. D. P. Wilcocks, wat as beredderaar van die organisasies se bates aangestel is, het gister gesê dat die gesamentlike bates van die verbode organisasies slegs 'n klein bedrag verteenwoordig. Die syfer is nie genoem nie.

Hy het gesê dat hy hierdie week met die Minster van Justisie in verbinding tree in verband met die besteding van die geld.

● Die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty is in 1950 deur die Regering verbied nadat dit in Julie 1921 gestig is.

Die Congress of Democrats, 'n kommunistiese skuilorganisasie, het in 1953 uit die verbod gevloei en is in 1962 verbied. Dit is deur Braam Fischer gestig.

Die A.N.C. en die P.A.C. is op 8 April 1960 deur die Regering verbied na die gebeure op Sharpeville en Langa, Kaapstad. Die African Resistance Movement, 'n organisasie wat vir sabotasie in Kaapland en Transvaal (die Jo-Johannesburgse stasiebomontploffing) verantwoordelik was, is in Julie 1964 deur die Veiligheidspolisie ontbloot. Lede dien nog tronkstraf uit.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

No. 1401.] [23 September 1966.

AANWYSING AS BEREDDERAAR VAN DIE BATES VAN DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat mnr. David Petrus Wilcocks, Senior Landdros, ingevolge artikel 3 (1) (*b*) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), gelees met artikel 2 van die Wet op Onwettige Organisasies, 1960 (Wet No. 34 van 1960), aangewys is as beredderaar van die bates van bogenoemde onwettige organisasies. Die adres van die beredderaar is Kamer No. 401, Veritasgebou, Fonteinlaan, Pretoria.

Van enige persoon wat 'n eis teen enige van bogenoemde onwettige organisasies het, word hierby vereis dat hy binne een-en-twintig dae na die datum van publikasie hiervan sy eis by die beredderaar indien.

No. 1401.] [23 September 1966.

DESIGNATION AS LIQUIDATOR OF THE ASSETS OF THE AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT AND THE SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY.

It is hereby notified for general information that Mr. David Petrus Wilcocks, Senior Magistrate, has, in terms of section 3 (1) (*b*) of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), read with section 2 of the Unlawful Organizations Act, 1960 (Act No. 34 of 1960), been designated as liquidator of the assets of the above-mentioned unlawful organizations. The address of the liquidator is Room No. 401, Veritas Buildings, Fountain Lane, Pretoria.

Any person having a claim against any of the above-mentioned unlawful organizations, is hereby required to lodge such claim with the liquidator within twenty-one days of the date of publication hereof.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

J. 548.

Telegramadres: „ JUSTISIE."
Telegraphic Address: "JUSTICE."

Alle briewe geadresseer te word aan
SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

All Communications to be addressed to
SECRETARY FOR JUSTICE.

Telefoon
Telephone.........................

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

By beantwoording gee op
In reply please quote

No...............................

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE,
DEPARTMENT OF JUSTICE,

VERITASGEBOU,
VERITAS BUILDING,

PRIVAATSAK 81,
PRIVATE BAG 81,

PRETORIA.

COMMUNIST PARTY OF SOUTH AFRICA.

I have to inform you that the Minister of Justice has in terms of sub-section (10) of section four of Act No. 44 of 1950 directed me to compile a list of persons who are or have at any time before or after the commencement of the said Act been office-bearers, officers, members or active supporters of the Communist Party of South Africa which was by sub-section (1) of section two of the said Act declared an unlawful organization.

Evidence has been placed before me to show that you were a member and active supporter of the said Communist Party of South Africa.

You are, therefore, hereby afforded a reasonable opportunity, in terms of the said section four, to show why your name should not be included in the list contemplated above.

Should you wish to avail yourself of that opportunity you are requested to submit written representations. Such representations should reach me at the above address within 14 days from the date hereof.

LIQUIDATOR : ACT NO. 44 OF 1950

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

DECLASSIFIED


Secret.

The Commissioner of the
South African Police,
Private Bag 302,
PRETORIA.

1. Copy for your information.

2. Your minute No. [redacted] of the 16th May, 1966, refers.

3. It will be appreciated if the attached letter could be handed to the abovenamed personally and the Department advised of the date on which it was done.

LIQUIDATOR : ACT NO. 44 OF 1950.

DECLASSIFIED

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

J. 548.

Telegramadres: „ JUSTISIE."
Telegraphic Address: "JUSTICE."

Alle briewe geadresseer te word aan SEKRETARIS VAN JUSTISIE.
All Communications to be addressed to SECRETARY FOR JUSTICE.

Telefoon
Telephone.................................

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

By beantwoording gee op
In reply please quote
No. ~~1/333/30.~~ 2/2/11

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE,
DEPARTMENT OF JUSTICE,

VERITASGEBOU,
VERITAS BUILDING,

PRIVAATSAK 81,
PRIVATE BAG 81,

PRETORIA.

31 -8- 1966

Die Kommissaris van die
Suid-Afrikaanse Polisie,
Privaatsak 302,
PRETORIA.

AANSOEK TOT "NOEMING" VAN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTE PARTY.

Met verwysing na u diensbrief Nr. S.4/2705 van 16 Mei 1966 waarin die name van persone verstrek is met die doel om hulle op die lys van kommuniste te plaas, sal ek graag stawende getuienis en/of dokumentêre bewyse wil bekom bo en behalwe die informasie bevat in die verklarings van P.A.B. Beyleveld en B. Hhlapane.

Die informasie bevat in die verklarings van Beyleveld en Hhlapane word as nie genoegsaam en afdoende beskou vir die lys van genoemde persone nie.

D. P. WILCOCKS

BEREDDERAAR : SUID-AFRIKAANSE
KOMMUNISTE PARTY.

Afskrifte van hierdie brief is op die onderskeie persoonlike lêers geplaas.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DECLASSIFIED

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
27 -7- 1966
KAAPSTAD
DEPARTMENT OF JUSTICE

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
5 -8- 1966
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

MINISTER VAN JUSTISIE
27-7-1966
MINISTER OF JUSTICE

KAAPSTAD.

2/2/1.

G E H E I M.

DIE ~~SEKRETARIS~~/MINISTER.

KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA EN DIE SOUTH AFRICAN CONGRESS OF DEMOCRATS.

1. Die Minister het op 17 Februarie 1964 goedgekeur dat persone nie as lede ens., van die South African Congress of Democrats gelys word solank hulle buite die Republiek verkeer nie. Die probleem waarmee die Departement hier te kampe het, is dat daar vooraf met hulle gekorrespondeer moet word ten einde aan die wetsvereistes te voldoen. In die meeste gevalle is hulle adresse in die buiteland egter nie bekend nie. ([redacted]).

2. Kompol het nou versoek dat 'n aantal persone wat voorheen in die Republiek woonagtig was en wat hulle nou blykbaar permanent in die buiteland gevestig het, as lede ens., van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika gelys moet word. In hierdie gevalle is hulle adresse in die buiteland wel bekend en daar kan dus met hulle gekorrespondeer word ten einde aan die wetsvereistes te voldoen. Ter ondersteuning van sy versoek berig Kompol dat -

> die persone wie se name genoem word en wat in die buiteland verkeer, belangrike persone is in die sogenaamde Suid-Afrikaanse Bevrydingsbeweging. Omdat hulle die feit dat hulle in werklikheid kommuniste is, verberg en onder die vaandel van bv. die A.N.C. van S.A. vaar en onder die voorwendsel dat hul optrede slegs teen apartheid gemik is, geniet hulle groot aansien in die buiteland, selfs ook in westerse lande soos die V.S.A., Brittanje, e.s.m.

/2...

DECLASSIFIED

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DECLASSIFIED

2

Kompol berig ook dat westerse lande wel deeglik daarvan kennis neem as 'n persoon deur ons as 'n kommunis gelys word.

Ten slotte wys Kompol daarop dat dit baie van die wind uit die seile van buitelandse ondersteuners van die stryd teen ons sal neem as tot die ontnugtering gekom word dat hulle eintlik met kommuniste te doene het. ([redacted]).

3. In die lig van Kompol se opmerking wil dit voorkom asof dit uit 'n taktiese oogpunt wenslik sal wees om dié persone as kommuniste te lys. Die enigste praktiese voordeel egter wat binnelands bereik kan word, is dat geen toespraak ens., van sulke persone sonder toestemming van die Minister gepubliseer kan word nie. Dieselfde resultaat (d.w.s. dat toesprake ens., nie gepubliseer mag word nie), kan egter bereik word deur 'n kennisgewing ingevolge artikel 10quin(1) van Wet No. 44 van 1950 in die Staatskoerant af te kondig. Sodanige afkondiging in die Staatskoerant kan sonder voorafgaande kennisgewing aan die persone geskied.

4. Voorgelê vir die Minister se beslissing.

7/7/66
7.7.66
7/7/66
7.7.66
13.7.66

DIE SEKRETARIS.

13.7.66

Ampsdraers, beamptes of lede van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika wat die land verlaat het en tans in die buiteland gevestig is moet/~~moet nie~~ as sulks gelys word.

MINISTER.

R/K

1.8.66

5/8/66

DECLASSIFIED

DECLASSIFIED

37969 2/2/1

15 -6- 1966

GEHEIM.

Die Kommissaris van die
Suid-Afrikaanse Polisie,
Privaatsak 302,
PRETORIA.

KOMMUNISTIESE PARTY VAN SUID-AFRIKA:
U NO. [redacted] VAN 16 MEI 1966.

1. Sy Edele die Minister van Justisie het op 17 Februarie 1964 aangedui dat geen stappe gedoen moet word om persone te lys terwyl hulle buite die Republiek verkeer nie.

2. Dit wil voorkom asof die enigste praktiese voordeel wat bereik kan word deur sulke persone te lys is dat geen toespraak, uitlating, geskrif of verklaring of 'n uittreksel, opname of weergawe daarvan sonder toestemming van die Minister gepubliseer kan word nie. Dieselfde resultaat kan egter bereik word deur 'n verbod ingevolge artikel 10quin(1) van Wet No. 44 van 1950 uit te reik, teen daardie persone wat in die buiteland verkeer en nog nie voorheen verbied is om byeenkomste by te woon of gelys is nie.

3. Die Departement verneem graag of u met bostaande beskouing akkoord gaan.

G. M. J. SWART

SEKRETARIS VAN JUSTISIE.

GD 1576/66
15.6.66

DECLASSIFIED

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DECLASSIFIED

1/333/30/1
Afskrif vir 2/7/1

GEHEIM.

OS/R.

**BATES VAN ONWETTIGE ORGANISASIES: AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.**

1. Die African National Congress, African Resistance Movement en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party is by Proklamasies Nos. 119 van 1960, R.242 van 1964 en R.38 van 1966 tot onwettige organisasies verklaar. Luidens artikel 3(1)(b) van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), gelees met artikel twee van die Wet op Onwettige Organisasies, 1960 (Wet No. 34 van 1960), gaan al die eiendom van sulke organisasies op ŉ persoon aangestel as Beredderaar oor, en die Beredderaar vergewis hom of diebates van die onwettige organisasies voldoende is om die skulde daarvan te betaal (artikel 4(1)). Indien daar voldoende bates is tref die Beredderaar alle maatreëls om die skuld te vereffen (artikel 4(2)) en indien daar enige oorskot is nadat die skulde vereffen is, word dit oorbetaal aan een of meer liefdadigheids- of wetenskaplike organisasies deur die Minister aangewys.

2. ŉ Bedrag van R1255-74, wat aan genoemde onwettige organisasies behoort het, is tans in besit van die Beredderaar. Daar word derhalwe voorgestel dat die kennisgewings in die omslag in die Staatskoerant afgekondig word ten einde die aangeleentheid te finaliseer. Die aangeleentheid sal daarna aan die Minister voorgelê word vir ŉ aanduiding oor hoe daar oor genoemde bates beskik moet word.

R/K

3. Voorgelê.

18/5/66
TBV 18.5.66

Dit is eintlik die Beredderaar se funksie om so 'n kennisgewing te publiseer. Indien hy tevrede is kan die kennisgewing gepubliseer word met die wysiging soos bespreek.

H/O
4/8/66

D P Wilcocks

DECLASSIFIED

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

NO. DATUM.

**AANWYSING AS BEREDDERAAR VAN DIE BATES VAN DIE AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT EN DIE SUID-AFRIKAANSE KOMMUNISTIESE PARTY.**

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat mnr. David Petrus Wilcocks, Senior Landdros, ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel drie van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme, 1950 (Wet No. 44 van 1950), gelees met artikel twee van die Wet op Onwettige Organisasies, 1960 (Wet No. 34 van 1960), aangewys is as Beredderaar van die bates van bogenoemde onwettige organisasies. Die adres van die Beredderaar is Kamer No. 401, Veritasgebou, Fonteinlaan, Pretoria.

Van enige persoon wat 'n eis teen enige van bogenoemde onwettige organisasies het, word hierby vereis dat hy binne een-en-twintig dae na datum van publikasie hiervan sy eis by die Beredderaar indien.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

NO. DATE.

**DESIGNATION AS LIQUIDATOR OF THE ASSETS OF THE AFRICAN NATIONAL CONGRESS, AFRICAN RESISTANCE MOVEMENT AND THE SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY.**

It is hereby notified for general information that Mr. David Petrus Wilcocks, Senior Magistrate, has, in terms of paragraph (b) of sub-section (1) of section three of the Suppression of Communism Act, 1950 (Act No. 44 of 1950), read with section two of the Unlawful Organizations Act, 1960 (Act No. 34 of 1960), been designated as Liquidator of the assets of the abovementioned unlawful organizations. The address of the Liquidator is Room 401, Veritas Building, Fountain Lane, Pretoria.

Any person having a claim against any of the abovementioned unlawful organizations, is hereby required to lodge it with the Liquidator within twenty-one days from the date of publication hereof.

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

DECLASSIFIED

2/2/1

4 -5- 1966

The General Manager,
City Permanent Building Society,
P.O. Box 46,
PIETERMARITZBURG.

Sir,

RE: ASSETS OF THE SOUTH AFRICAN COMMUNIST PARTY.

I wish to acknowledge receipt of your letter No. JTMM/GR of the 28th April, 1966, together with cheque No. 15816 for the amount of R603.08 (six hundred and three rand and eight cents), which was received from your Pretoria agents, to whom a copy of the relevant discharge form was handed.

Yours faithfully,

D. P. WILCOCKS
LIQUIDATOR: ACT NO. 44 OF 1950.

SECRET.

4 -5- 1966

The Commissioner of the
South African Police,
Private Bag 302,
PRETORIA.

Copy for your information.

Your minute No. [redacted] of the 9th March, 1966, refers.

D. P. WILCOCKS
LIQUIDATOR: ACT NO. 44 OF 1950.

DECLASSIFIED

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE

CITY PERMANENT Building Society
Established 1890
Head Office: CITY PERMANENT BUILDING 206 LONGMARKET STREET - PIETERMARITZBURG
Telegrams: "CITYPERM"
P.O. Box 46
Telephone: 28183 (3 lines)

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
-2- -5- 1966
DEPARTMENT OF JUSTICE

JTMM/GR 28th April, 1966.

The Liquidator (Act No. 44 of 1950),
Department of Justice,
Private Bag 81,
PRETORIA.

Dear Sir,

re: SAVINGS ACCOUNT FRANK BERNADT AND JOFFE ACCOUNT ERIC FLEGG TRUST.

In reply to your letter of the 18th April, 1966, I have to advise that we have this day instructed our Pretoria Agents, Messrs. Vic Investment Corporation (Pty) Limited, 26 Prudential Arcade, to hand you a cheque for the balance in the savings account including interest to date of R603-08.

We do not quite agree with your interpretation of the relevant section of the act as regards the method of discharge and feel that we are receiving a "bad" discharge for the payment and that it should have come to you from Messrs. Frank, Bernadt and Joffe, in whose name the account is held and who are not the subject of the liquidation. We shall be glad therefore, if when being handed the * cheque, you will sign a copy of the attached discharge form for our records.

Yours faithfully,
CITY PERMANENT BUILDING SOCIETY

[signature]

GENERAL MANAGER.

Enc. *

**CITY PERMANENT**
Building Society

# SAVINGS ACCOUNT CHEQUE WITHDRAWAL

Subject to the Rules of the Society you are hereby requested to make payment as specified below and debit such amount to my SAVINGS ACCOUNT No. 12173 IN THE NAME OF FRANK BERNADT AND JOFFE FOR THE EAK FLECK TRUST

To whom Payable LIQUIDATOR ACT NO 44 OF 1950
(IN BLOCK LETTERS)

Address of Payee DEPARTMENT OF JUSTICE VERITAS BUILDING PRETORIA

| CHEQUE TO BE | |
|---|---|
| CROSSED | OPEN |

Cheque to be Called for/Posted to HANDED

AMOUNT IN WORDS { RAND SIX HUNDRED AND THREE
CENTS EIGHT

R 603 . 08

Date

**Pass Book Must Accompany This Form**

Signature

Address LIQUIDATOR APPOINTED UNDER SECTION 3(1)(b) OF ACT NO 44/1950

FOR OFFICE USE ONLY

| Cheque No. | Cheque Signed | | Pass Book Balance | | P.B. Debit | Funds | Signature | Interest | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | |

TARBOTON & MITCHELL 10067 - 65

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

2/2/1

18 -4- 1966

**REGISTERED.**

The General Manager,
City Permanent Building Society,
P.O. Box 46,
PIETERMARITZBURG.

Sir,

